MIDSTREAM COLLEGE
PRIMÊRE SKOOL / PRIMARY SCHOOL
Tel: (012) 661-0590 / (012) 661-0724
✉ 8 Midstream Estate, 1692
Ashfordstraat 1 Ashford Street, Midstream
Mnr / Mr W Rothmann

MIDSTREAM RIDGE
LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL
Tel: (012) 940-9122
✉ 8 Midstream Estate, 1692
Ridgewaylaan 1 Ridgeway Ave, Midstream Ridge
Mnr / Mr Vernon Harmse

# TOELATINGSBELEID

**MS005A**

***Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool*** is beide onafhanklike skole, met eie riglyne rondom toelatingsvereistes. Toelating sal oorweeg word indien daar plek in 'n spesifieke graad beskikbaar sou wees. Voorkeur word verleen aan leerders woonagtig op die Midstream Landgoed en leerders met broers of susters reeds in ***Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool.***

Afrikaans en Engels is die twee amptelike onderrigtale by ***Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool.***

Nadat die plasingstoets suksesvol volgens die toelatingsvereistes afgehandel is, sal daar oor die toedeling tussen die twee laerskole besluit word.

Die volgende faktore sal in ag geneem word wanneer plasings gedoen word:

- Leerder(s) van dieselfde gesin reeds in die skool.
- Getalle in die graad.
- Kampus van voorkeur soos aangedui op die aanlyn aansoekvorm.

**Alhoewel daar gepoog sal word om by bogenoemde te kriteria hou, behou die onderskeie skoolhoofde die reg voor om leerders in Graad 1 tot Graad 7 te plaas na gelang van voorgeskrewe getalle en beskikbaarheid van plek.**

**AANSOEKPROSEDURE:**

1. Daar word van alle ouers verwag om die Aanlyn Aansoekvorm te voltooi. **ALLE nodige dokumentasie** (soos gelys op die Toelatingsbladsy) moet saam met die aansoek opgelaai word.
2. By inhandiging van die Aansoekvorms is 'n **Administratiewe Fooi van R400** per leerder betaalbaar (nie-terugbetaalbaar) en bewys van betaling moet saam met die aansoek opgelaai word.
3. Graad 2 – 7 leerders sal geskeduleer word vir 'n verpligtende **plasingstoets** om die leerder se akademiese vlak te bepaal en die korrekte plasing van leerders te verseker. Graad 1 leerders sal geskeduleer word vir 'n **evaluering**.
4. ***Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool*** mag, indien nodig, die leerders se huidige/vorige skool kontak met betrekking tot geloofwaardige inligting vir toelatingsvereistes.
5. Die skoolhoof sal 'n onderhoud skeduleer met die voornemende leerder en ouers na hul eie diskressie. Toetsresultate sal met ouers bespreek word en aanbevelings sal gemaak word, waar van toepassing.
6. Toelating sal afhang van die plasingstoetsresultate en die onderhoud, asook hoe die aansoeker kan baat by die skool.
7. Die skryf van die plasingstoets en die voorlegging van toelatingsvorms- en dokumente kan NIE beskou word as waarborg dat die betrokke leerder ingeskryf is by Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool of dan toegelaat is tot die betrokke skool NIE.

8. Toelating van ‘n leerder tot Midstream College Primêre Skool/Midstream Ridge Laerskool berus by die Skoolhoof, wat die reg voorbehou om ‘n leerder toelating tot sodanige skool te weier, sonder om redes vir die besluit te verskaf. Hy/sy mag tydelike of voorwaardelike toelating tot genoemde skole goedkeur, onderworpe aan verdere voorwaardes en bepalings na sy/haar goeddunke. Die Skoolhoof behou die reg om ‘n aansoek te kanselleer in ooreenstemming met die reëls.
9. Wanneer ‘n leerder aanvaar word, is ‘n deposito van R10 000 per leerder betaalbaar. Hierdie nie-rentegewende deposito is slegs terugbetaalbaar indien ‘n leerder die skool sou verlaat aan die einde van ‘n volle skooljaar, met dien verstande dat ‘n kwartaal kennis gegee word. Die registrateur mag die deposito aanpas in gevalle waar skoolfooie agterstallig is.

**Deur die aanlyn aansoek te voltooi en in te dien, stem u in tot die bogenoemde voorwaardes.**